

## Voorgraadse program (BSc) in Chemie

### 3 BSc strome

#### Chemie en Polimeerwetenskap

*1<sup>ste</sup> jaar:* Inleiding tot Anorganiese, Fisiese en Organiese chemie asook Fisika en Wiskunde

*2<sup>de</sup> jaar:* Analitiese, Anorganiese, Organiese en Fisiese chemie

*3<sup>de</sup> jaar:* Analitiese, Anorganiese, Organiese, Fisiese chemie en Polimeerwetenskap

#### Materiaaltegnologie

Soortgelyke program, maar hierdie stroom bevat ook modules in Ekonomie, Besigheidsbestuur en Materiaaltegnologie

#### Chemiese Biologie

Soortgelyke program, maar hierdie stroom bevat ook modules in Biologie, Mikrobiologie en Biochemie.

### Vir meer inligting

Departement Chemie en Polimeerwetenskap

Tel: (021) 808 3172

Epos: ec@sun.ac.za

www0.sun.ac.za/chemistry

### Toelatingsvereistes

- Skryf die Nasionale Normtoetse (NNTs)
- Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%
- Wiskunde 70%
- Fisiese Wetenskappe 50%
- Gemiddelde prestasiepunt van minstens 65% (sonder Lewensoriëntering)

“CHEMIE  
HET DIE  
POTENSIAAL OM  
LEWENS TE  
VERBETER...”




@ChempolS



Department of Chemistry & Polymer Science  
UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY  
jou kennisvenoot • your knowledge partner



## Inligtingsbrosjure



## BSc in Chemie & Polimeerwetenskap

**DIE SENTRALE WETENSKAP:** Chemie is belangrik vir baie ander wetenskapsvelde soos biologie, geologie, sterrekunde, fisika, medies, ingenieurswese, materiaalwetenskap en vele meer.

**Chemie en Polimeerwetenskap** bied jou opsies wat gekoppel is aan Lewenswetenskap, Materiaalwetenskap en Entrepreneurskap, en gee jou terselfdertyd 'n deeglike agtergrond in die Natuurwetenskappe.

### 'n Opvoeding vir die toekoms

Die meeste tegniese innovasies is op een of ander manier afhanklik van chemie, of dit nou die ontwikkeling van nuwe gesondheidsmiddels of die volgende generasie batterye vir elektriese motors behels. Met 'n chemie-graad van die Universiteit Stellenbosch, sal jy voorbereid wees om hierdie uitdagings aan te pak!

### Chemie & Polimeerwetenskap @ Stellenbosch Universiteit

Die Departement Chemie en Polimeerwetenskap is een van die beste departemente in sy veld in Afrika. Van die beste chemici in die land sal vir jou klasgee en hul passie vir chemie met jou deel.

### Wat kan ek met 'n Chemie-graad doen?

Hierdie graad is jou sleutel tot 'n wêreld van kreatiwiteit en vindingrykheid. Loopbaanopsies sluit die volgende in: forensiese wetenskap, mediese navorsing, skoonheidsmiddelindustrie, voedselwetenskap, landbou, funksionele verpakking en tekstiele, kleefmiddels, verf en afwerkings, watersuiwering, groen chemie...die lys is eindeloos. Chemici bevind hulself in die wêreld van bestuur, produkontwerp of -ontwikkeling, produksie, gehalteversekering en selfs verkope van chemiese produkte en toerusting.

🎓 Na 'n BSc kan jy ook verder studeer met 'n Honneurs-BSc (1 jaar), MSc (2 jaar) en PhD (3 jaar).

### Jou BSc in 'n neutedop

Daar is drie strome vir die BSc in Chemie. Al drie lei jou op om 'n chemikus te wees, terwyl dit nog steeds jou persoonlike voorkeur vir lewenswetenskappe, entrepreneurskap of materiaalwetenskap akkommodeer.

### Ons sien uit om jou volgende jaar te verwelkom!

### Die regte BSc vir jou

Herken jy jouself in die volgende stellings? Dan is 'n **BSc in Chemie** die graad vir jou!

- Ek wil globale probleme oplos, soos toegang tot skoon water, die afhanklikheid van fossielbrandstowwe, weerstand teen antibiotika, voedselsekerheid, armoedeverligting, omgewingsbesoedeling en menslike gesondheidskwessies insluitend kanker, hartsiektes en TB.
- Ek wil navorsings-, probleemoplossings- en analitiese vaardighede ontwikkel.
- Ek hou baie van chemie en ook van wiskunde en / of fisika.
- Ek wil nuwe ontdekkings maak en uitvind hoe dinge werk.



### Hoe beïnvloed Chemie jou lewe?

Chemie is noodsaaklik om in ons basiese behoeftes van voedsel, klere, skooling, gesondheid, energie en skoon lug, water en grond te voorsien. Skandeer die QR-kodes aan die linkerkant en leer meer.

### Globale uitdagings, chemiese oplossings...

"Van voedselsekerheid en toegang tot skoon water, tot omgewingsbesoedeling en menslike gesondheid"

<https://www.rsc.org/news-events/features/2015/jan/global-challenges-chemistry-solutions/>

"Wat is die grootste probleme vir die volgende generasie chemici om aan te werk?"

<https://www.chemistryworld.com/features/chemistrys-grand-challenges/6500.article>

